## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## Twee Belangrike Sondae

**Kersdiens:** Sondag 25 Desember 2011
**Nuwejaarsdiens:** Sondag 1 Januarie 2012

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________________________

**E-Mail**______________________________ **Sel**______________________

**Woonadres**

______________________________________________

## Spesiale Versoeke/Opmerkings

**Navrae** ______________________________

**Voorstelle** ______________________________

**Besoek asb** ______________________________

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra vir 'n maandelikse bydrae hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |



# Neo-Spektrum

## 18 Desember 2011

## GEE jou hart vir Mense

**Begin by — Gee om vir jouself en omgee vir jou Self.**

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Pie Jesu — Opera Babes (Andrew Lloyd Webber) ~

### VERWELKOMING & AFKONDIGINGS

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Heerlik is die oomblikke wat U en ek in die paleis sit –
twee vorme, twee gesigte, een siel — U en ek.
Blomme blom en die voëls stort hul onsterflikheid
op ons uit die oomblik toe ons die tuin betree — U en ek.
Al die sterre in die hemel kom uit om na ons te kyk
as ons brand soos die volmaan self — U en ek.
Die vuurvlerke van die hemel se voëls sal jaloers wees
op die oomblik as ons uitbundig lag — U en ek.
Wat 'n wonderwerk: U en ek, geweef in dieselfde nes.
Wat 'n wonderwerk: U en ek, een liefde, een beminde, een Vuur,
in hierdie en die toekomstige wêreld ...
... in ekstase sonder einde — U en ek.

(Rumi: Die Wonderwerk)

## STILTE VAN BUITE

~ Pie Jesu — Fauré ~

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

1. DIE GEBED VAN ST. FRANCISCUS VAN ASSISI

***Here, maak my 'n instrument van u vrede.***
***Waar daar haat is, laat my liefde bring.***
***Waar daar seergekry is, heling;***
***waar daar twyfel is, geloof;***
***waar daar wanhoop is, hoop.***
***waar daar duisternis is, lig;***
***waar daar droefheid is, vreugde.***
***O, Heilige Meester, gee dat ek,***
***in plaas daarvan om vertroosting te soek, ander sal vertroos;***
***om begrip te hê, as om begryp te word;***
***om liefde te gee, as om bemin te word.***
***Want deur te gee, ontvang ons;***
***deur te vergewe, word ons vergewe;***
***en deur te sterwe, word ons gebore tot ŉ Ewige Lewe.***

Daar is nie 'n enkele persoon op hierdie planeet vir dieselfde rede as waarvoor jy hier is nie.


Consciousness is ... the Awareness of being Aware!

2. ENGELE LIG VOETE AS VLERKE TE EINA IS OM TE VLIEG

Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves. (Hebreërs 13:2)

3. STRUKTUUR-SONDE EN INSTITUSIE-GEWELD

*We can translate "the kingdom" as "the Big Picture."*
*The kingdom of God, or reign of God, is how things objectively, truly and finally are. We can't keep saying "Thy kingdom come" when we are actually trusting in our own nations, political parties, militaries, banks, and institutions to save us.*
*(Fr. Richard Rohr: A Franciscan Priest)*




**Gee jou hart ♥ vir ander beteken:**

1. I surrender to my brighter Self
2. I surrender to my beautiful Self
3. I surrender to my loving Self

*Jesus sal jou brons verander in goud*
*en as daar reeds goud in jou is,*
*sal Jesus van dit pêrels maak –*
*en as daar reeds pêrels in jou is,*
*sal Jesus hulle mooier maak as die Maan of Jupiter.*
*(Rumi)*

# ONS GEE OM TE ONTHOU ONS HET !!

**Giving transforms Having into Being**

~ KYRIE — MERCEDES SOSA ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Die Sabbat van alle Sabbatte
bring 'n innerlike stilte — 'n spirituele kalmte
in die Woord gevormde siel ...
wat die siel onderskei van die intellek
selfs van gedagtes
oor beginsels en behoeftes
om geklee te word deur die ekstase
van God se liefdevolle teenwoordigheid,
die mistieke eenheid met God
- God self -
die perfekte berusting in God self.
(Maximus the Confessor)

---

## AS ONS UITSTAP

~ BEFORE I GO — YANNI ~

---